NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 21

11 Julie 2019

Bergop ter wille van ons dogters

'n Lidmaat en predikantsvrou van die NHKA neem vanjaar vir Mandeladag deel aan die *Trek4Mandela*-ekspedisie om berg Kilimandjaro in Tanzanië te klim en so geld in te samel om die waardigheid van 2,5 miljoen skoolmeisies te herstel.

Nelson Mandela Internasionale Dag (of Mandeladag) word jaarliks op 18 Julie gevier ter ere van Nelson Mandela se nalatenskap. Die Verenigde Nasies het dié dag in November 2009 ingestel. Dit is nie 'n openbare vakansiedag in Suid-Afrika nie, maar het die doel om die voormalige Suid-Afrikaanse president se nalatenskap te vier deur deelname aan vrywillige gemeenskapsdiens. Die idee wat in dade gestalte moet kry, is dat elke individu die mag en vermoë het om 'n bydrae te maak met die transformering van die wêreld tot 'n mensliker plek. Die boodskap van die Mandelastigting is dat Mandela hom vir 67 jaar vir sosiale geregtigheid beywer het. Die Stigting versoek elkeen om te begin deur 67 minute van hul tyd op Mandeladag aan vrywillige gemeenskapsdiens te wei.

Twee groepe bergklimmers neem vanjaar deel aan die *Trek4Mandela*-ekspedisie wat deur die Imbumbastigting gereël word om berg Kilimandjaro in Tanzanië te klim en sodoende meer as net 67 minute van hul tyd aan vrywillige gemeenskapsdiens te wy. Die doel van die ekspedisie is om geld in te samel om 2,5 miljoen skoolmeisies van sanitêre doekies te voorsien teen 'n koste van R360 per persoon per jaar en hulle sodoende is staat te stel om ook tydens hul menstruasiesiklus skool te kan bywoon. Van die meisies verloor ongeveer 50 skooldae per jaar as gevolg van die probleem. Die eerste groep klimmers sal Kilimandjaro se kruin op 18 Julie bestyg en die tweede groep op Vrouedag, 9 Augustus. Die tweede groep is bymekaargebring op uitnodiging van prof Thuli Madonsela, tans bekleër van die leerstoel in sosiale geregtigheid aan die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid en voormalige publieke beskermer. Die groep is saamgestel uit invloedryke vroue wat uitvoerende posisies in verskillende sektore van die samelewing beklee. Die projek staan bekend as die *Thuli Madonsela Women's Day Executive Climb*.

Mari van Wyk, 'n lidmaat van Gemeente Kaapstad en die Uitvoerende Bestuurder Strategiese Alliansies en Vennootskappe by LexisNexis Suid-Afrika (die hoofborg vir vanjaar se projek), is ook genooi om aan die projek deel te neem. Mari is die vrou van dr Gafie van Wyk. Omdat sy geen bergklimmervaring gehad het toe sy die uitnodiging aanvaar het nie, het sy dadelik aan die werk gespring met voorbereiding. Sy het begin om lang afstande te stap in die heuwels van Durbanville. Sessies in die gimnasium het gevolg, en toe het sy die berge aangedurf – Jonkershoek by Stellenbosch, Tafelberg in Kaapstad, en saam met die Imbumbastigting sekere pieke in die Drakensberge. Sy het 'n mentor gevind in ds Thomas Joubert wat haar saam met 'n groep ervare klimmers die natuurskoon van twee hoë bergpieke by Swellendam gaan wys het. Op navraag het Mari vertel dat sy baie geleer het tydens hierdie geleenthede. Oor Kilimandjaro wat voorlê, sê sy: *Ek klim om die waardigheid van ons meisies te herstel en om seker te maak dat hulle skool kan bywoon en hul skoolloopbane voltooi. Dit is so eenvoudig soos dit.*

Mari se deelname kan gevolg word by:
https://www.lexisnexis.co.za/about/corporate-responsibility/mari-van-wyk
Op dié blad is ook skakels om die projek te ondersteun.

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

Ds Berend en Leonie Greyling

- **Ds BF (Berend) Greyling** (60) van Grootfontein/Tsumeb is in Mei in ’n Kaapse hospitaal opgeneem sodat ’n deel van sy lewer weens kanker uitgesny kon word. Sy vrou, Leonie, laat weet dat dit onder omstandighede goed gaan. Hy is egter baie swak as gevolg van die chemoterapie. Ons bid ds Greyling spoedige beterskap toe.

- **Ds Carli Fourie (Noordwestelike Pretoria)** en haar man, Hendrik, se eersteling, Paul, is op Dinsdag 9 Julie gebore. Carli het dieselfde dag laat weet: *Hy weeg 3,7 kg en is baie gesond. Ek en Hendrik geniet elke oomblik hiervan!* Baie geluk!

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 12 Julie: Prof JA (Jimmie) Loader (buiteland) en ds A (Anna-Marie) Kloppers (Rustenburg Jac van Belkum)
  - Saterdag 13 Julie: Ds JHH (Jakkie) Jacobs (emeritus)
  - Maandag 15 Julie: Ds JW (Janine) Truter (Wapadrant)
  - Dinsdag 16 Julie: Di JT (Jimmy) Manders (Witfontein), JAC (Jan) Rossouw (emeritus) en WPF (Piet) van Wyk (emeritus)
  - Woensdag 17 Julie: Di W (Willem) Dykema (Bloemfontein), JJ (Johan) Greyling (Magaliesburg/Tarlton) en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)

Ds Janine Truter

Gemeentes en bediening

- **Ds JW (Janine) Truter** van Wapadrant (benoeming) het ’n beroep ontvang na Wapadrant (benoeming).

Ds Madri Fourie

- **Prop AS (Armandt) Botha** (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Groeneweide (deeltyds).

- **Ds A (Aniena) Jansen van Rensburg** van Hartbeesfontein (deeltyds) het die beroep na Leeudoringstad (deeltyds) aanvaar.

- **Ds M (Madri) Fourie** (beroepafwagtend) het ’n beroep na die NG Kerk aanvaar en is dus nie meer lidmaat of predikant van die NHKA nie.

Ds Pieter Uys

- Met **ds PH (Petri) van Rooyen** se aanvaarding van ’n beroep na ’n ander kerk (die Reformed Church of America in Iowa) het sy lidmaatskap van die NHKA verval, en word hy uit die amp onthef.

- **Ds PJ (Pieter) Uys** van Brakpan is weens mediese ongeskiktheid met behoud van ampsvoorreg van sy gemeente losgemaak, en is nou op siekte-emeritaat.

Dr Jan Vorster

- **Dr JH (Jan) Vorster** van Olifantsfontein se aansoek om vervroegde emeritaat op 31 Julie 2019 is goedgekeur.

- **Gemeente Mafeking** vier hul 90ste bestaansjaar in Julie. Vorige predikante en lidmate of enige belangstellendes wat graag die verrigtinge wil bywoon op Sondag 28 Julie vanaf 09:00, kan in verbinding tree met dr Annelie Botha by 082 650 3494 of **abothaster@gmail.com**.

Vergaderings

- Woensdag 17 Julie: Ons Tuis Finkom
- Donderdag 18 Julie: Rata Bestuur

Studentesake

- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2020 Teologie aan die Universiteit van Pretoria** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 26 Julie** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van ds Carusta van der Merwe (**cvdm@up.ac.za**).

'n Gedig

winteraand

in maraispark lê die aandmis
soos 'n kaasdoek oor die suikerkanne
ek draf
in simonswyk waar vetkoek-by-dosyne
aaa in swartboompanne sis
onder papegaaiskop kom 'n kooltrein
stasie-in-gewikkel en hy fluit
ooo soos 'n knaap wat met 'n draadkar spog
'n dubbeldoorakkoord met kneukels uit 'n bloekomdop
kyk
in elke onderdorpse vensterruit begin
die eggo's geel uit gansblomlampe wink
teen la colline se skewe bult
klink 'n kind-se-koebaai klein
ek weet
die winter is vir elke buurt
in stellenbosch soos growwe sout
in kos en windgedroogde roosmaryn

Marlene van Niekerk
(Uit: *Sprokkelster*, 1977)

Kerklike publikasies

- Daar is verskeie **Standaardbybels (swart, hardeband) in inheemse tale** teen R130 elk (versending uitgesluit) by die boekwinkel in Derdepoort beskikbaar: Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tshivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; en Sesotho 1989. Bestel by mev Sarie Roux, 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**.

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2019***
  Nou net R100 (versending uitgesluit)
  Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
  én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
  Bestel by **sentik@nhk.co.za**

Toerusting

- **Tussenkerklike Raad: Donderdag 18 Julie 08:30-15:30**
  400-jaar-herdenking van Sinode van Dordtrecht
  Paul Kruger-kerk Pretoria
  Sprekers: Dr Gerard Meijer; prof Johan van der Merwe;
  prof Wim Dreyer; prof Sarel van der Walt
  Middagete word bedien
  Gee getalle **teen Maandag 15 Julie** deur aan mev Karen Breedt
  karen@nhk.co.za

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  Premierkursus oor brugbediening
  Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
  Week 2: 4-7 November
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
  Koste R2 200 (BTW ingesluit)
  Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
  Hesmarie.Bosman@up.ac.za

- **Multisensoriese werkwinkel**
  Die uitdaging van prediking in die digitale era
  (Sien *Die Hervormer* van Julie 2019)
  Wanneer: 29 Augustus 08:30 tot 16:00
  Waar: NHKA Pretoria-Oos

Vir: 20 VBO-punte
Aanbieders: Prof Pierre Jordaan en dr Johan Lötter
Wie: Alle Hervormde predikante
Koste: Sal later bekendgemaak word
Alle Hervormde predikante word met R250 gesubsideer
Jy kan nie hierdie geleentheid misloop nie!
Navrae: Dr Johan Lötter 071 495 0552 / **jlotter@carfone.net**

Barmhartigheid

- **Mev Christa Clifton**, die NHSV se streekverteenwoordiger vir Wes-Rand, se e-posadres het verander na **christaclifton51@gmail.com** (bladsy 135 van die huidige *Almanak*).

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Krugersdorp.** (Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van hul gemeentes sal insluit.)
  Wat behels die pos?
  - U sal optree as versorger vir tot ses wetsbestede seuns.

  Wie kan aansoek doen?
  - Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar (verkieslik 'n getroude egpaar maar nie daartoe beperk nie).
  - Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen. Die persone sal egter vir die tydperk van hul aanstelling moet inskakel by die betrokke NHKA-gemeente.
  - Persone met 'n goeie aanvoeling vir kinders.
  - Geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.

  Aansoeke sluit op 19 Julie 2019. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis by die pakket ingesluit.

  Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr O (Otto) Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / 060 968 4907 / **kinderhuise@nhk.co.za**
  Mev SL (Suzanne) van Deventer: 066 477 8904 / **suzanne@rata.org.za**
  Mev K (Kotie) van Niekerk: 060 968 4906 / **kotie@rata.org.za**

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging

Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723

Konserte en feeste

- **Konsert: Deo Gloria Koor**
  Sondag 21 Julie om 11:45
  NG Kerk Vredefort
  Ligte musiek met Carli D'Alebout, Noordwes-kinderkoor en Vredefort Strings
  Onder leiding van Erna Rademan en begeleier Marli Krüger
  Toegang gratis – donasies welkom

Fondsinsamelings

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
  Borg 'n putjie teen R2 500
  R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir 'n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / **info@driveforachild.co.za**
  www.driveforachild.co.za

Basaars

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Basaar**
  Vrydag 26 en Saterdag 27 Julie
  By die kerk hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat
  (oorkant Midas, Klipfontein)
  Watertand basaarpoeding, pannekoek
  Pap-en-kaiings en afval soos Ouma dit gemaak het
  Kerrie-en-rys, hamburgers, boepensbroodjies, roosterkoek...
  Witolifanttafel, teetuin
  Kompetisie met kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 000
  Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R20 elk
  Delf Saterdag tussen 09:00-12:00 vir 'n prys
  Gratis aktiwiteite vir voorskool- en laerskoolkinders
  Ouer kinders ding mee in die *Top Gear*-tent: Wie is die vinnigste renjaer?
  Navrae: Skakel die gemeentekantoor by 013 697 1457

- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
  Saterdag 3 Augustus
  Vanaf 08:00 tot laat by die Tuinhekkie (Elandsvlei)
  Vars vleis teen bekostigbare pryse

Baie pret en speletjies vir die kinders
Demonstrasies van skaapskeer, koeimelk, sweepklap, slag, seepmaak, ens
Kom kyk hoe word vee vir die mark voorberei
Skryf jou span in vir ’n toutrekkompetisie
Of geniet net die kuier en heerlike kos
Vermaak deur Ampie, Anton Botha, Tanya V, Evert Swart en baie ander
Skakel 082 364 8576 of besoek *SionspoortVleis* op Facebook

- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
  Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
  R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
  Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
  Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
  Navrae: **rudi.jansevanrensburg@gmail.com**

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

Gebed vir die week

Met die asem van u Gees, o God,
reinig U die hart en die denke van u kinders,
troos U dié wat treur,
lei U hulle wat afgedwaal het terug,
verwarm U met u liefde die harte wat koud geword het,
bind U hulle wat verdeeld geraak het, weer saam.
Skenk ons u lig, sodat ons daarmee in ons, en voor ons,
deur hierdie wêreld mag gaan,
sonder om te struikel of af te dwaal.

Desiderius Erasmus
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk